

Sondag 27 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 27:21-44

Fokusgedeelte: Handeling 27:22, 25

'n Veel groter ramp afgeweer

Ons God wil gelowiges ten goede gebruik in die lewens van ander mense onder moeilike en gevaarlike omstandighede. Ons kan die fout maak om te dink dat die grootste bedreiging vir hierdie mense die gure weersomstandighede was. Daar was 'n veel groter bedreiging vir hierdie amper 300 mense op die skip. Die meeste van hulle was nie gelowiges nie en was nog onder die oordeel van God. Sou hierdie mense omkom in die storm, dan was hulle verlore. Dit sou 'n veel groter ramp wees as die verlies aan al die toerusting, voorrade en die skip. Natuurlik meet en weeg die sondige wêreld waarin ons leef, nie so nie, maar dit is die tragedie wat hier kon afspeel. Ons God is hierdie onwaardige sondaars genadig. Hy gebruik sy kinders (Paulus, Lukas en Aristargos van Tessalonika wat saam met Paulus reis na Rome) ten goede in die lewens van hierdie mense. Ons hemelse Vader gebruik slegte weersomstandighede om mense swak te maak. Paulus neem leiding en getuig van sy verhouding met God. Hy maak dit ook duidelik dat God die mense saam met die gelowiges op die skip genadig sal wees en hulle lewens sal spaar. Paulus weet dat mense versterking nodig het, daarom getuig hy van God en sy reddende krag. Hulle sal net oorleef en bly leef van God se onverdiende genade. Hierdie mense sou nooit hierdie redding vergeet nie, al het nie almal gelowig geword nie. Die Heilige Gees wil ons op soortgelyke wyse ten goede gebruik in alle mense se lewens.

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)